



Josia Thugwane op pad na Olimpiese goud in die marathon in 1996. Foto: GETTY IMAGES

'Iets skort by die marathons'

Die groot geld lê in die ultramarathons, soos die Comrades.



Elana Meyer in 1994 ten tyde van die Statebondspele. Haar rekords in die marathon en halfmarathon staan al sedert die 1990's. Foto: GALLO IMAGES

Wim Pretorius

Suid-Afrika se atlete in die marathon en halfmarathon steek tans sleg af by die briljante langasems wat die land tussen die jare sewentig en vroeë 2000's opgelewer het. Terwyl plaaslike atlete tans in die kort afstande skitter, is die tye in padwedlope nie naasteby so goed as wat dit byvoorbeeld 20 jaar gelede was nie.

Die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se Wêreldbyeenkoms wat in Augustus in Londen gehou is, het nogmaals bevestig dat Suid-Afrikaanse marathonatlete nie met die wêreld se voorste langasems kan meeding nie.

Lusapho April het nie aangetree vir die marathon nie. Sibusiso Nzima, wat nie onder die voorste 300 ter wêreld tel nie, het voor die eindstreep handdoek ingegooi in Desmond Mokgobu het 21ste geëindig. Sy tyd van 2:16:14 was byna agt minute stadiger as Geoffrey Kirui van Kenia se wentyd van 2:08:27.

Die Konfederasie van Afrika-atletiek (CAA) se Suidelike

Distrik-halfmarathonbyeenkoms wat Saterdag op Karibib, Namibië, gehou is, het verdere bewys gelewer dat die huidige gros langasems nie vir hul voorgangers kan kers vashou nie.

Suid-Afrika het weliswaar vyf van die ses medaljes in die mans en vroue se afdelings verower, maar hul tye was nie iets om oor huis toe te skryf nie.

So waar is die opvolgers vir onder andere Hendrick Ramaala, Gert Thys, Willie Mtolo, Josia Thugwane en Elana Meyer?

"Daar is geen twyfel nie dat die standaard geval het," het Lindsey Parry, bekende Comrades-afrigter en hoof van die fisiologieselaboratorium by Tuks se hoëprestasiesentrum, aan *Beeld* gesê.

"Suid-Afrika het in die 1980's en 1990's 'n uitstekende paar jaar ervaar wat marathons en halfmarathons betref."

Hy meen dat die aantrekkingskrag van dié items moontlik nie meer dieselfde as vroeër is nie.

"Atlete is nie meer so toegewy aan dié items nie en ook nie die 5 000 m en 10 000 m nie, want die groot geld lê in die ultramarathons, soos die Comrades.

Parry glo die afwesigheid van sterk finansiële ondersteuning wat padwedlope in die 1970's en 1980's van die regering in die mynbedryf



Gert Thys nadat hy die Seoelmarathon in 2006 gewen het.

gekry het, ook 'n rede is. Nog 'n invloed wat hy uitwys, is atlete wat nie meer werk toe draf nie en weens veiligheidsredes eerder ry.

"Atlete se basiese kondisionering het voorheen beter ontwikkel, soos wanneer hulle skool toe en terug gestap het, asook werk toe en terug. En die verbetering van die Ethiopiërs en Keniane kan ook nie onderskat word nie. Ons het glad nie dieselfde diepte as hulle nie."

Die Suid-Afrikaanse rekord vir mans in die halfmarathon staan reeds sedert 1997, toe Ramaala dit in 1:00:07 afgeblits het in Slowakye. Hy het in 1999 ook onder die toptien-atlete ter wêreld in dié nommer getel met 'n beste tyd van 1:00:40.

In 2017 was Stephen Moko se 1:01:21 die vinnigste van die Suid-Afrikaners. Dit plaas hom 96ste op die IAAF se wêreldranglys.

Net so staan die marathonrekord al sedert 1999 agter die naam van Thys, wat in Tokio 'n 2:06:33 gedraf het. Daardie tyd het hom destyds die derde plek op die 1999-wêreldranglys gegee.

Desmond Mokgobu was tot dusver vanjaar die vinnigste SA atleet in die marathon, met 'n tyd van 2:10:51 (145ste op wêreldranglys).

Wat die vroue betref, hou Elana Meyer die nasionale rekord in die halfmarathon (1:06:44) en die marathon (2:25:15). Sy was in 1999 danksy dié halfmarathonrekord die voorste atleet ter wêreld. Haar marathonrekord staan ook al 23 jaar.

Meyer was in 1992 die Olimpiese silwermedaljewenner in die 10 000 m en ook in 1994 die halfmarathon-wêreldkampioen, asook die Statebondspele se silwermedaljewenner in die 10 000 m.

Volgens Nick Bester, 'n voormalige Comrades-wenner, is dit vir hom 'n raaisel dat die huidige atlete nie op dieselfde vlak as hul voorgangers is nie.

"Ek het nie eintlik antwoorde nie. Ons atlete gedy in die baan- en velditems, maar daar skort beslis iets by die marathons," sê hy.

"Ons leefstyl is anders en 'n mens kan nie meer net skool toe stap of oral fietsry nie. Maar die honger om te presteer, is ook nie meer daar nie."

